higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIEREPRODUKSIE
NKR VLAK 2

15 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 D
1.3 B
1.4 C
1.5 D
1.6 B
1.7 B
1.8 C
1.9 C
1.10 A

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar
2.6 Onwaar
2.7 Onwaar
2.8 Waar
2.9 Onwaar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 L
3.2 E
3.3 A
3.4 B
3.5 C
3.6 H
3.7 M
3.8 J
3.9 D
3.10 F

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1
- Die korrekte vlak kalsium
- Minerale soos fosfor
- Magnesium
- Vitamien D
- Vitamien C
- Vitamien A
- Hormone soos byskildklier
- Groeihormoon
- Kalsitonien (Enige 6 × 1) (6)

4.2
- Dit vervoer suurstofryke bloed van die hart na die liggaam.
- Dit vervoer voedingstowwe, suurstof en water na alle dele van die liggaam.
- Dit vervoer die koolstofdioksied wat die liggaam vervaardig, weg.
- Dit verrig ander funksies wat aan spesifieke tipes bloedselle verbind is, soos om infeksie en bloedstolling te beveg.
- Dit versamel afvalprodukte soos koolstofdioksied en ureum van die weefsel en organe en vervoer dit na die uitskeidingsorgane (niere, lewer en longe) vir verwydering.
- Dit reguleer liggaamstemperatuur.
- Dit vervoer hormone.
- Dit het ’n immuunstelselfunksie.
- Dit handhaaf pH-balans.
- Dit ondersteun metaboliese prosesse. (Enige 8 × 1) (8)

4.3
- Rooibloedselle – vervoer suurstof van die longe na weefsels.
- Witbloedselle – help om infeksies en siektes te beveg.
- Bloedplaatjies – betrokke by bloedstolling. (3 × 2) (6)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 5.1.1
A – Esofagus
B – Krop
C – Lewer
D – Dunderm
E – Galblaas
F – Proventrikel
G – Pens
H – Grootderm
I – Kloaka
J – Sakderm (10)

5.1.2
- Stoor voedsel tydelik
- Maak kos met speeksel sag (2 × 2) (4)

5.1.3
- Maal en meng kos meganies met spysverteringsensieme
- Maak taai plantmateriaal fyn (2 × 2) (4)

5.1.4
- Absorbeer voedingstowwe in die bloedstroom
- Verteer/Emulsifiseer vette
- Trek water uit
- Druk kos in die spysverteringskanaal af
- Kry gal vanaf die lewer (Enige 2 × 2) (4)

5.2
- Daar is geen penetrasie tydens paring nie.
- Die hen keer haar kloaka om.
- Die hen se kloaka maak kontak met die haan se kloaka.
- Die kloaka ontvang die sperm van die haan vir bevrugting om in die eierleier plaas te vind. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 6

6.1
- Shaver Starcross
- Babcock
- Ross Brown
- Hy-Line Brown
- Amberlink (Enige 4 × 1) (4)

6.2
- Die reserwe voedingstowwe in die kuiken se dooiersak
- Die berging van eiers
- Die inkubasietoestande
- Die temperatuur en vogtigheid in die broeihuis
- Die immuniteit wat die kuiken deur die eier van sy ma gekry het
- Die genetiese potensiaal van die ras (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

6.3
- Verminderde voervermorsing
- Beter siektebeheer
- Die eiers wat in hierdie stelsel geproduseer is, is skoon
- Die voëls kan maklik uitgedun word
- Laer arbeidskoste
- Beter biosekuriteit
- Maklik om te verhoed dat die voëls broeis raak
- Voëls lê meer skoon eiers
- Maklike bestuur van die hoenders
- Beter eierkwaliteit
- Hoenders eet nie hul eiers nie (Enige 4 × 1) (4)

6.4
- Water is nodig om voedingstowwe in die liggaam te vervoer.
- Dit is ’n medium waardeur chemiese reaksies van die liggaam plaasvind.
- Water absorbeer hitte van reaksies wat energie produseer, en dit help om liggaamstemperatuur te reguleer.
- Dit bied ’n kussingeffek vir die senuweestelsel in die vorm van serebrospinale vloeistof.
- Toegang tot skoon water is noodsaaklik vir voëls se oorlewing, groei en produktiwiteit.
- Skoon water help om siektes te voorkom en verlaag die risiko van spoelpatogene soos bakterieë, virusse en parasiete.
- Water is noodsaaklik vir deeglike spysvertering en die absorbering van voedingstowwe.
- Voëls gebruik water om hul liggaamstemperatuur te reguleer, veral in warm klimaat.
- Skoon water is noodsaaklik om toerusting, fasiliteite en voer- en drinkstelsels skoon te maak en te ontsmet.
- Skoon water is noodsaaklik vir eierproduksie, omdat dit eierkwaliteit, grootte en dopkwaliteit beïnvloed.
- Skoon water beïnvloed die kwaliteit van vleis, omdat dit die voëls se gesondheid en groei beïnvloed.
- Toegang tot skoon water verlaag die sterftesyfer van voëls.
- Skoon water verseker deeglike vertering, wat tot verbeterde voerdoeltreffendheid lei. (Enige 6 × 1) (6)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 7

7.1
- Alpe
- Lamancha
- Nubiese (Anglo-Nubiese)
- Oberhasli
- Toggenburg
- Saanen (Enige 4 × 1) (4)

7.2
- Alpebokke is gewild weens hul hoë melkproduksie, met ’n gemiddeld van ongeveer 1,225 kg melk per laktasie.
- Die melk van Alpebokke het ’n wenslike samestelling, met 3,3% vet en 2,9% proteïen, wat dit geskik maak vir kaas en ander melkprodukte.
- Alpebokke is bekend vir hul vriendelike, nuuskierige geaardheid, wat dit maklik maak om hulle te hanteer.
- Alpebokke is ’n geharde ras; pas in ’n verskeidenheid klimate en bestuurstelsels aan, wat dit vir melkboere ’n gewilde keuse maak.
- Alpebokke het ’n hoë voortplantingskoers, met ’n gemiddeld van twee tot drie lammetjies per werpsel.
- Alpelammetjies groei vinnig. Hulle bereik dus vinnig broei-ouderdom en betree die kudde vinniger.
- Hulle is bekend vir hul sterk immuunstelsel, wat kan help om die voorkoms van siektes en die behoefte aan veeartssorg te verminder.
- Alpebokke vaar goed in tropiese lande op rowwe weiding.
- Alpebokke het ’n lang lewensduur; hulle kan vir 10 jaar lewe en steeds goeie kwaliteit melk produseer. (Enige 8 × 1) (8)

7.3
- Sonder die aangetaste bok van die res van die kudde af om te verhoed dat die siekte versprei.
- Maak die aangetaste hoef deeglik skoon en knip enige dooie weefsel of oorblyfsels af.
- Gebruik ’n mes om die los gedeelte op die hoef weg te sny.
- Wend ’n topikale antibiotiese of antiseptiese oplossing, soos tetrasiklienjodium, aan die aangetaste area.
- As die infeksie ernstig is, dien mondeliks of deur inspuiting antibiotika toe, soos deur ’n veearts voorgeskryf.
- Gee pynverligtingsmedikasie.
- Maak seker die aangetaste hoef bly skoon en droog om verdere bakteriese groei te verhoed.
- Ent die hele kudde teen vrotpootjie in om toekomstige uitbrake te voorkom.
- Maak seker alle hanteerders dra beskermende handskoene en was hul hande nadat hulle die aangetaste bok hanteer het. (Enige 8 × 1) (8)

Kopiereg voorbehou

7.4
- Was hande gereeld met seep en water nadat bokke hanteer of behandel is.
- Maak seker die ontlasting van bokke, voëls, katte en honde besmet nie voer en water nie.
- Maak seker rotte is nie ’n probleem nie.
- Behandel of sonder dadelik siek bokke af.
- Hou nuwe diere op die plaas op ’n aparte plek totdat jy kan vasstel of hulle siek is of nie.
- Ontsmet en maak gereeld toerusting, gereedskap en leefareas skoon.
- Verwyder diere-afval, dooie diere en besmette materiaal.
- Dra handskoene, maskers en beskermende klere wanneer jy diere en hul afval hanteer.
- Monitor gereeld dieregesondheid en kry hulp by ’n veearts indien nodig.
- Implementeer biosekuriteitsmaatreëls soos om besoekerstoegang en beweging op die plaas te kontroleer.
- Lig boere, hanteerders en besoekers in oor goeie higiëniese praktyke en siektevoorkoming. (Enige 10 × 1) (10)

[30]

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Bestaansboerdery: Lewer bokke om die gesin te voer en as daar surplus is, kan dit verkoop word.✓✓

Boerdery op groot skaal: Baie grond en minder toerusting en produksiehulpbronne is nodig.✓✓ (4)

8.1.2 Intensiewe boerdery: Boerdery wat fokus op die belegging van baie hulpbronne en arbeid om produksie te verhoog.✓✓

Semi-intensiewe boerdery: ’n Boerderystelsel wat intensiewe boerdery en boerdery op groot skaal kombineer en bokke met beperkte weidingstyd aanhou en aanvullende voer gee.✓✓ (4)

8.2 8.2.1 Verwys na die maatreëls wat geneem word om die inleiding en verspreiding van siektes, parasiete en peste te voorkom wat dieregesondheid, produktiwiteit en welstand kan benadeel

8.2.2 Die toediening van ’n entstof om ’n immuunreaksie by ’n individuele dier te stimuleer, wat beskerming bied teen spesifieke siektes of patogene

8.2.3 ’n Toestand waartydens gasse in die grootpens opbou, wat veroorsaak dat die grootpens swel en druk op die diafragma en longe plaas, wat kan lei tot swaar asemhaling, pyn en selfs dood (3 × 2) (6)

8.3
- Kry die bok in ’n melkstalletjie.
- Maak die bok aan die paal vas met voer/graan om te eet.
- Was jou hande.
- Maak die uier en spene met warm water, seep of ontsmetmiddel en melkspeenlappies skoon.
- Maak die uier met skoon papierhanddoek droog.
- Ontsmet die spene ná melkery met speendip. (6 × 1) (6)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou